higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 3

(11020293)

19 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

282Q1N2419

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Stel die land in staat om die hoogste standaarde rakende die vervoer van vraghouers te handhaaf:

A Burgerlugvaartowerheid
B Handelskeepvaartwet
C Nasionale Verkeerspolisie
D Lughaweveiligheid

1.2 Die doel en oogmerk van hierdie Wet is om voorsiening te maak vir die beheer en regulering van lugvaart in Suid-Afrika.

A Lughawemaatskappy van Suid-Afrika se Sekuriteit
B Wet op Nasionale Landvervoer
C Die Wysigingswet op Oorgrenspadvervoer
D Wet op Burgerlugvaart

1.3 ’n Afdeling van South African Airways:

A PRASA
B SAA
C RTMC
D OR Tambo

1.4 SAMSA-kliënte sluit in:

A Vrageienaars
B Skeepsagente
C Seemanne
D Klaringsagente

1.5 Watter agentskap is in 1993 as ’n openbare maatskappy ingevolge die Maatskappywet van 1973 gestig?

A ACSA
B SASPK (‘SARCC’)
C TNPA
D OGPVA (‘CBRTA’)

1.6 Dit is verantwoordelik vir die bestuur van maritieme oortredings:

A Departement van Gesondheid
B Nasionale Lughawe
C SABC
D Transnet Nasionale Haweowerheid

Kopiereg voorbehou

1.7 Watter EEN van die volgende is ’n korrekte betekenis van LUK?

A Lid van die Uitvoerende Koukus
B Lid van die Uitvoerende Kommissie
C Lid van die Uitvoerende Kamer
D Lid van die Uitvoerende Komitee



1.8 Dit kan opgeskort of gekanselleer word wanneer ’n bestuurder ongeskik raak weens mediese redes:

A Motorvoertuig-aansoekvorm
B Toetsvorm
C Professionele bestuurderspermit (‘PrDP’)
D Lisensieskyfie

1.9 Die visie en doelstellings hiervan is om teen 2050 in die behoeftes van vrag- en passasierskliënte te voorsien:

A Wet op Seeverkeer
B NATMAP
C POF
D Wet op Nasionale Landvervoer

1.10 Watter EEN van die volgende is ’n voorbeeld van ’n trekdiervoertuig?

A Ligte voertuig
B Shova kalula
C Houtvoertuig
D Donkiekarre



(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Stelselmisbruik behels ekonomiese misdrywe wat deur senior bestuur gepleeg word.

2.2 Niegemotoriseerde vervoer sluit alle vorme van vervoer in wat deur die mens of batterye aangedryf word.

2.3 Vervoer beteken om te gaan sit en gemaklik in die vervoermedium te voel.

2.4 SANRAL is in 1998 gestig.

2.5 Die Departement van Vervoer is verantwoordelik vir die implementering van wette en beleide waaroor die Parlement besluit het.

2.6 PRASA se rol is om die hoë spoed van die langafstandbusse te beheer.

2.7 Suid-Afrika is in 2003 gekies om 'n lid van die IBLO-raad ('ICAO') te wees.

2.8 SANRAL beoog om sy mandaat na te kom deur die omgewing deur middel van konteksensitiewe oplossings te bewaar.

2.9 Sodra 'n Wetsontwerp ter tafel gelê is, ontvang dit 'n nommer en word daarna gepromulgeer.

2.10 Die doel van vervoerbeplanning is om 'n doeltreffende interaksie tussen die samelewing en die ekonomie te verseker.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 ... word hoofsaaklik gebruik om leerders en ander persone wat met skole te make het, te vervoer.

3.1.2 'n ... kan gedefinieer word as 'n skending van 'n wet, 'n bevel of plig.

3.1.3 ... is deel van die staatsmasjinerie en is verantwoordelik vir die toesig, regulering en werksaamhede van die toepaslike vervoersektor.

3.1.4 Suid-Afrika ervaar sterk ... danksy die staat se makro-ekonomiese en maatskaplik-ekonomiese beleide.

3.1.5 Die belangrikste doel en oogmerk van die Taxiherkapitaliseringsprogram is om 'n ... taxibedryf te hê .

(5 × 1) (5)

3.2 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Naledi-stasie; kommersiële hawens; internasionale; bedryfsgids; lughawe; Pretoria; markmislukking; prosedure; versoek; kliënte

3.2.1 ... kom voor wanneer mededinging nie prakties moontlik is nie.

3.2.2 Beplanning is 'n ... vir die inwerkingstelling van beleid.

3.2.3 Die eerste luukse Metrorail-pendeltrein is in 2007 by ... bekendgestel.

3.2.4 Die droëmassavrag wat by die ... gehanteer word, bestaan hoofsaaklik uit uitvoere van ystererts en verskillende ander kommoditeite.

3.2.5 'n ... word omskryf as 'n beroep om hulp, ondersteuning of simpatie.

(5 × 1) (5)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

Lees die stelling hier onder en beantwoord die vrae:

Die Wet op die Vervoerappèltribunaal, 1998, beskryf die rol en verantwoordelikhede van die TLV ('TAT'). Die belangrikste rol van die Tribunaal is om enige geskil en appèl met betrekking tot bedryfslisensies te hanteer wat in die bus- en taxibedryf kan ontstaan.

4.1 Hoekom is dit belangrik dat die Vervoerappèltribunaal gehalteversekering toepas? (2)

4.2 Verduidelik kortliks TWEE verantwoordelikhede van die Tribunaal. (2 × 2) (4)

4.3 4.3.1 Noem TWEE verkeersoortredings wat padgebruikers op 'n openbare pad kan begaan. (2 × 2) (4)

4.3.2 Waarvoor staan AARTO? (1)

4.3.3 Beskryf TWEE doelwitte van AARTO. (2 × 2) (4)

4.4 Noem TWEE agentskappe wat vir spoorvervoer in Suid-Afrika verantwoordelik is. (2 × 1) (2)

4.5 Noem EEN aspek van vervoerbeheerliggame. (1)

4.6 Verduidelik TWEE aspekte van vervoerbeplanning. (2 × 2) (4)

4.7 Beskryf die belangrikste oogmerke van die volgende:

4.7.1 Padongelukkefonds (2 × 1)

4.7.2 Skoliervervoerbeleid (2 × 1)
(2 × 2) (4)

4.8 Gee EEN voorbeeld van private vervoer. (1)

4.9 Identifiseer DRIE verantwoordelikhede van die Nasionale Departement van Vervoer ('NdoT'). (3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae:



https://lloydslist.com/LL1123546/66-Durban-South-Africa

Die Durbanse hawe is die grootste en besigste seehawe in Suid-Afrika. Dit bedryf vyf sake-eenhede wat deur Transnet-haweterminale bestuur word. Dit hanteer tot 31.4 miljoen ton vrag jaarliks en genereer meer as 60% inkomste.

5.1.1 Wat is die verskil tussen 'n *hawe* en 'n *seehawe*? (2 × 2) (4)

5.1.2 Noem EEN ander kommersiële seehawe in Suid-Afrika behalwe die een wat hier bo genoem word. (1)

5.1.3 Gee TWEE belangrike terminale wat by die Durbanse seehawe aangetref word. (2 × 1) (2)

5.1.4 Watter organisasie bedryf en bestuur die haweterminale in Durban en ander seehawens? (1)

5.2 Identifiseer TWEE tipes hawesekuriteit-tegnologie wat gebruik kan word om maritieme oortredings en misdrywe te beveg. (2 × 1) (2)

5.3 Identifiseer die Wet wat magte aan die Transnet Nasionale Haweowerheid verleen. (1)

Kopiereg voorbehou

5.4 Beskryf TWEE maniere waarop Transnet 'n reuse-rol in die spoor- en pypleidingvragsektor speel. (4)

5.5 Gee EEN van die entiteite wat deur die SASPK ('SARCC') saamgevoeg en as PRASA hernoem is. (1)

5.6 Beskryf TWEE elektroniese stelsels wat gebruik word om padvervoer te bestuur en te administreer. (2 × 2) (4)
[20]

VRAAG 6

6.1 Noem VIER stadiums in die ontwikkeling van wetgewing. (4)

6.2 Identifiseer TWEE verantwoordelikhede van die Nasionale Departement van Vervoer (NDV). (4)

6.3 6.3.1 Definieer die term *agentskap*. (2 × 1) (2)

6.3.2 Gee EEN agentskap wat aan die Minister van Vervoer verslag doen. (2 × 1) (2)

6.3.3 Beskryf TWEE vorme van 'n staatsagentskap. (2 × 2) (4)

6.4 Beskryf TWEE verantwoordelikhede van lugverkeernavigasiedienste ('ATNS'). (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou